18 OKTOBER 2020



3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

nous praktiese wysheid...

Familiekerk NG Hottentots-Holland Dissipels van Jesus

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:
B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.
I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).
D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

"[23]Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Die Eerste Brief aan die Tessalonisense is Paulus se eerste brief wat hy geskyf het en die oudste opskrifgestelde dokument in die Nuwe Testament. Hierdie brief word as 'n waterskeidingsdokument bestempel, in dié sin dat van hier af het Paulus briefwisselling met gemeentes as 'n wesenlike deel van sy bediening gebruik. Paulus maak ook gebruik van medewerkers of helpers, Silvanus en Timotheus om die brief af te lewer en die inhoud daarvan verder toe te lig. Handelinge 17 berig volledig oor Paulus se verblyf in Tessalonika. Hier het Paulus-hulle die afgodstempels van Egiptiese gode Isis, Serapis en Osiris aangetref, asook die god van drank, Dionisius. Vir drie opeenvolgende Sabbatte preek Paulus in die Joodse sinagoge en verkondig hy dat Christus gesterf en uit die dood opgewek is. Paulus-hulle gaan tuis by Jason en onderrig ook mense daar in Jason se huis. 'n Oproer breek uit, Jason word in hegtenis geneem oor die aanklag dat die keiser volgens die gelowiges nie die koning is nie, maar wel Jesus. Daardie nag word Paulus-hulle uit die stad uit gesmokkel. Lees nou 1 Thess. 1:1-10 aandagtig deur.

saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Verbeel jou vir 'n oomblik dat jy Paulus is, wat drie Sondae het om die evangelie gekonsentreerd, maar tog ook duidelik en ondubbelsinnig moet oordra. Verwoord wat jy sal sê of preek. Vergelyk jou voorstel met die ABC van die evangelie in verse 3-4.

2. Vir navolgers van Jesus is hierdie basiese boustene van die geloof van wesenlike belang. Waarop berus hierdie boustene en wat is die oorsprong daarvan? Verse 4-5 gee vir ons tyduidelike bakens hieroor. Bespreek dan die volgende stelling in die lig daarvan: "Ons is nie meer wat ons was nie, maar is nog nie wat ons sal wees nie."

3. Verplaas jou in die skoene van gelowiges wat van die aanbidding van velerlei afgode weggedraai het tot die aanbidding van die enigste ware God (vers 9), die God van Israel. Dink jou vir 'n oomblik in, in die vervolging, spot en verwerping wat hulle selfs van familie en vriende moes verduur as nuwe volgelinge van die Here. Watter raad en advies sal jy as medevolgeling van Jesus vandag vir mense gee wat sulke ontbering moet deurmaak?

4. Bespreek die rol wat julle as navolgers van Jesus kan speel om navolgenswaardige voorbeelde vir ander te wees – verse 6-7. Evalueer julleself hieroor eerlik.

5. Verse 9-10 word as 'n kernagtige geloofsbelydenis bestempel. Formuleer in die lig hiervan julle eie geloofsbelydenis as leerlinge van Jesus.

6. Lees weer verse 1-10. Gee 'n beskrywing van hoe die kerk kan groei.

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om geloofsvriendskappe te ontwikkel.** "The Craetor arranged things so that we need each other". Hierdie gewoonte wil ons die waarde van vriendskappe laat ontdek wat ons aanmoedig en uitdaag om God met ons hele hart, verstand en al ons kragte lief te hê. Lees hieroor: Spr. 17:17; 27:17; Joh. 15:15; Rom. 15:7.

.

Doen-dinge:
Maak 'n inventaris van vriende wat jou lewe op een of ander wyse beïnvloed het. Watter soort vriende maak jy en wat leer dit jou van jouself?

Maak 'n tabel van eienskappe wat jy graag in 'n geloofsvriend wil hê. Maak ook 'n lys van wat jyself tot hierdie soort vriendskap sal kan bydra.

Daar bestaan nie volmaakte vriende nie. Maak 'n lys van jou eie tekortkominge en dink na oor hoe dit ander mense raak.

Dink-dinge:
Dink daaroor na dat God jou sy vriend noem.

Watter soort vriend is jy vir God?

Met wie kan jy oor jou geloofsreis saam met God gesels? Wat sal dit vir jou kan beteken om so 'n sielsgenoot te hê?

Vir wie kan jy in tye van krisisse ondersteun? Wat sal jy doen?

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.